

**Bosveld Jagters- en Wildbewingvereniging Tydskrif
Bushveld Hunters and Game Conservation Association Magazine**

VOL 213 TWEEDE TERMIN 2005

INHOUD/INDEX



Foto deur: Andries Gouwss

Opgestel deur: André van der Merwe

INHOUD

Nuus vanaf die Redaksie	3
Jaarprogramme	3
Morsvleis, maaltvleis en biltong	4
Foto's Dinee 2004- Musgrave	7
Hendrik en die Natuurbewaarder	8
Foto gallery	9
Limpopo EMA	15
When oxpeckers call	16
Bosvarkjag	18
Pro-Amm wenners	18

Mosies

Namens die bestuur en lede wil ons graag ons innige meegevoel en simpatie met die geliefdes van die volgend lede betoon met hulle afsterwe.

Piet Smit - 23 Maart 2005
Francouis Geldenhuis - 17 Junie 2005

Hulle was albei lede wat baie opofferings en insette gelewer het in die BJV. Ons gaan hulle mis.

Verder wil ons weer eens geluk sê aan Bines Schoeman aan wie die Musgrave Troefee toegeken is vir 2004.

KONTAK PERSONE EN NOMMERS

UITVOERENDE BESTUUR

President	Fred Mulders	082 851 4618
Voorsitter	André vd Merwe	082 460 1220
Onder-Voorsitter	Hein Höll	083 271 3280
Penningmeester	Frederik Eloff	082 895 8217
Hoof Opleiding	Louis Naude	083 775 5476
Sekretaris	Kobus Joubert	082 651 6570

VISI-PRESIDENTE

Ford Winnerts	015 - 491 2251
Gerhardt Bakker	082 441 9888
Abel Botha	082 773 1488

TAKKE

Kremetart tak

Voorsitter	Piet Oosthuizen	083 296 2523
Onder-Voorsitter	Lourens Mostert	015-5349377

Letaba tak

Voorsitter	André le Grange	082 322 5388
Onder-Voorsitter	Aubrey Potgieter	083 629 1931

Magaliesberg tak

Voorsitter	Kobus Joubert	082 651 6570
Onder-Voorsitter	Paul Grobler	082 412 3497

Pietersburg tak

Voorsitter	Pieter Grimbeek	082 565 9099
Onder-Voorsitter	Eddie Nortje	073 271 5599

Potgietersrus tak

Voorsitter	Piet Venter	082 924 5156
Onder-Voorsitter	Alric Forssman	082 870 1911

Soutpansberg tak

Voorsitter	Tewie Wessels	084 617 7254
Onder-Voorsitter	Frans Heinlein	082 876 0614

Waterberg tak

Voorsitter	Gerhard Bakker	082 441 9888
Onder-Voorsitter	Josua Haarhoff	073 155 8181

Kantoorure

Maandae tot Donderdae **8:00 - 16:00**

Vrydae **8:00 - 13:00**

Posadres

Posbus 1771, Polokwane

E-pos

mwbosjv@mweb.co.za

E-pos André vir artikels

andre@conic.co.za

Tel & Faks

015 - 291 5923

Sekretaris

Marius Huisman

KOPIEREG

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige wyse hoegenaamd nie, hetsy elektronies of meganies, insluitende die fotokopieër of opname daarvan hetsy deur middel van enige ander inligtings-, bergings-, of verhalingsstelsel, sonder vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Daar bestaan outeursreg in hierdie werk. Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie werk is handeling wat outeursreg skend. Die dader sal weens sivilregtelike outeursregskending aanspreeklik gehou kan word. Dit kan die dader onder sekere omstandighede aan strafbare vervolging blootstel.

Die inhoud van artikels in die tydskrif weerspieël nie noodwendig die mening van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging nie.



Nuus vanaf die redaksie

Hierdie uitgawe moes reeds die lig gesien het, maar weens 'n tekort aan artikels moes dit wag totdat die artikels genoegsaam was. Die jaar is reeds vol aan die gang en soos dit vir my klink is daar reeds manne wat jag. Of sal ek sê nog nie opgehou het om te jag nie.

Die eerste 18 Assessors vir die BJV is reeds opgelei. Hulle moet nou geakkrediteer word. Ons is in die proses om die BJV as "service provider" te registreer. Daar is reeds 'n intrin plan wat ons Assessors teen einde Oktober 2005 in volle produksie behoort te plaas. Sodra ons meer definitiewe antwoorde het, sal ons dit na die takke toe deurgee om dit te versprei.

Ons eerste 8 plekke op verlede jaar se Intertakskiet het weer hierdie jaar die BJV in Maart by die Intervereningskiet verteenwoordig. Onthou die takke stuur hulle spanne vir ons 10 September 2005 Intertakskiet, waar die span vir volgende jaar se Intervereniging skiet gekies gaan word. Bring jou kant as jy wil deelneem.

Onthou ons nuwe trofeekompetiese en neem by jou tak deel. Sterkte vir die jaar en lekker jag.

Groete
André van der Merwe

Magalies tak Jaarprogram

2 Aug	Ledevergadering
13 Aug	Skietag
30, 31 Aug	Bekwaamheidskursus
6 Sept	Ledevergadering
8 Sept	Bekwaamheidseksamen
24 Sept	Skietag & AJV
4 Okt	Ledevergadering
8 Okt	Wildsete & Trofeemeting
29 Okt	Skietag
1 Nov	Ledevergadering
12 Nov	Skietag

Pottiestak Jaarprogram

Augustus	
D 4	BJV Tak Vergd. 18h00 Kommando Lapa
S 13	Skietag CHASA Kommando Skietbaan
S 27	Potties Ghong skiet by Peense
September	
D 1	BJV Tak Vergd. 18h00 Kommando Lapa
F 2	Aktiwiteit 18h00 Louis Naude Lapa (oop)
S 3	Na - Seisoen CHASA Skietdag Jnr.2
	Kwalifiseer
D 23	Opleiding Jnr 1 + 2
F 24	Opleiding Jnr 1 + 2
S 25	Opleiding Jnr 1 + 2
Oktober	
D 6	BJV Tak Vergadering
F 21	Alg. Jaarver
S 22	Skietag
S 29	Alg. Jaarver
November	
D 3	Tak/Aktiwiteit Vergd. 18h00 Kommando Lap
S 26	Potties doen 2006 Beplanning

**Jaarprogramme 2005
Uitvoerend**

10 Sept	Intertak spanskiet - Pietersburg
21 Sept	Uitvoerende Bestuursvergadering
28 Okt	AJV en Trofeekompetisie - Pietersburg
16 Nov	Uitvoerende Bestuursvergadering

Letaba

4 Aug	Ledevergadering
11 - 14 Aug	Junior 2 Kursus
27 Aug	Skietag - Eiland
1 Sept	Ledevergadering
3 Sept	Skietag, AJV & Trofeemeting
15 Sept	Wildsetevergadering
6 Okt	Ledevergadering
8 Okt	Wildsete
3 Nov	Ledevergadering
12 Nov	Pro-Amm skietdag
24 Nov	Bestuur afsluitingsfunksie

Kremetart

9 Aug	CHASA skiet & trofeemeting
11 Aug	Ledevergadering
10 Sept	Algemene jaarvergadering
13 Okt	Ledevergadering
22 Okt	Kermis skiet
10 Nov	Ledevergadering

Soutpansberg

3 Aug	Ledevergadering
27 Aug	Levubu skietdag
7 Sept	Ledevergadering
16 - 18 Sept	Senior & junior 1 opleiding
5 Okt	Ledevergadering
8 Aug	AJV
2 Nov	Ledevergadering
19 Nov	CHASA skiet Vivo

Pietersburg


16 Aug	Ledevergadering
17 - 18 Aug	CHASA opleiding
20 Aug	CHASA skiet & eksamen
13 Sept	AJV
22 - 25 Sept	Spoorsny kursus
11 Okt	Ledevergadering
22 Okt	Skietag
8 Nov	Afsluitingsfunksie
19 Nov	Skietag



**PIERRE PIENAAR
HAARKAPPERS**

76 DORPSTRAAT
TEL: 015 297 4105

Mans, vrouens en kinders
Ure vanaf vroeg 06h00
tot laat 20h00
-Maandae tot Vrydae-
Saterdag - 06h00 - 15h00


Boedeldienste (Edms) Bpk
Estate Services (Pty) Ltd


Ons lewer 'n persoonlike diens en spesialiseer in die beredding van solvente bestorwe boedels. Met 30 jaar se ondervinding in boedelberedding sal ons u graag behulpsaam wees. Kontak ons gerus:

Tel: (012) 348-6335 • Faks: (012) 348-6384

Sel: 072 464 9028 - Harry Solomon
Sel: 082 572 9600 - Faure Bosman GR (SA)
Sel: 082 551 0115 - Derek Cellarius GR (SA)
Sel: 082 893 3419 - Nelis van Niekerk GR (SA)

E-pos: info@lubbess.co.za

Lubbes, Docex 222, Pretoria
Posbus 1353, Pretoria, 0001

In assosiasie met 
Chartered Accountants (SA)
Geregistreeerde Rekenmeesters en Ouditeure



HULDEBLYK - PIET SMIT 25Maart 1939 tot 23 Maart 2005

My vriend, Piet Smit

Ek salueer jou vandag as 'n vriend, kameraad, geesgenoot, voorbeeld en jagmaat. Dit is 6 dae nadat ons Piet begrawe het. Vanmôre 3 uur word ek wakker en lê vir uur lank en beleef, herleef en verlang na my ou maat en na alles wat ons saam gedoen het. Wat 'n voorreg om 'n man soos Piet Smit te geken het. In 1974 ontmoet ek hierdie mens wat soveel impak op my lewe gehad het. In sy motorhuis, toe nog sy deelydse taxidermy, daar het ek vir die eerste keer sy liefde, entoesiasme en toewyding vir die jagsport en die Bosveld Jagtersvereniging ervaar. Sy manier hoe hy met waardering na my eerste buffel en swartwitpens trofee gekyk het, my gekomplimenteer het en met entoesiasme, my aangemoedig het vir nog groter en mooier dinge. Dit het my net daar laat aansluit by die Bosveld Jagtersvereniging. Ek het 'n nuwe en wonderlike vriend en nog meer ontmoet.

Ons het mekaar nie baie gesien nie maar ontmoeting was 'n kosbare en nuwe ervaring en het my bewondering vir hom net hoër gestyg. Die manier waarop hy sy jagervaring kon deel en sy trofeës kon beskryf het, het die begeerte in my wakker gemaak om saam met Piet te gaan jag.

In 1997 na baie beplanning het ons saam Afrika ingery om 'n jagtog in Zambië aan te vat. Die 12 uur saam in die Land Cruiser was 'n belewenis. Ons het gesels en na sy bandjies van vorige jagtogte geluister en ek kan net luister en inneem van so wonderlike leermeester in die vallei af.

My hart was te groot vir my borskas toe hy halfpad stop en ons oor die hele Zambezi vallei kon af kyk. Ek kon in sy hele wese sien, dit is sy groot liefde. Die stories oor al sy jagte in die vallei sal ek nooit vergeet nie. Sy deursettingsvermoë om daardie groot buffel te skiet. Sy groot olifant ens. het my nie net beïndruk nie maar ook laat besef dat ek saam met hierdie man nog 'n lang en leersame pad sal wil loop. My eerste tiervis op die Zambezi rivier was 'n onvergeetlike ervaring. Jare daarna kan ek nog onthou hoe entoesiasies hy in my vregde gedeel het.

Sy toegewydheid aan beplanning en voorbereiding, sy intense genieting van elke faset, van dat ons begin vriende geraak het, tot die einde, was vir my 'n wonderlike voorbeeld. Beginselsvas en gedissiplineerd met die bandspeler en videokamera om elke ervaring vas te lê sodat niks vergeet word nie, is 'n les wat ons almal kan leer en behoort na te volg.

Piet se kinders en kleinkinders sal hom ewig dankbaar wees. Ons vergeet almal wanneer ons ouer word, maar sy bandjies en video's sal ons altyd herinner aan elke ervaring. Piet was bereid om te gee en ook aan ander die voorreg te gun om dinge saam met hom te belewe. Die voorreg om saam met hom en sy dogters, Ninette en Liezel, en ook De Klerk in die kafee en Ben....in Zambië te jag, was vir my wonderlik.

Sy intense belangstelling en toewyding om my twee seuns, Abelines en Stephanus dieselfde voorregte te laat geniet kan ons nie genoeg waardeer nie.

Piet kon jag!!!! Dis verseker. Dit was 'n lewensles om vir Piet dop te hou deur 'n verkyker waar hy sy laaste swartwitpens bekruipt. Vir ±2 km het hy bekruipt, hande en knieë en "geleopard crawl", vasberade tot die skoot na ±2 ure geklap het. Gelukkig kon ons nog 'n foto neem net voor donker.

Die 25 km (volgens die GPS) op sy laaste buffel se spore van 5 uur die oggend af sal ek nooit vergeet nie. Die spoorsnyers en gidse het al omgedraai om die voertuie te gaan haal omdat hulle oortuig was ons sal nooit die buffels inhaal nie. Hulle het duidelik nie vir Piet geken nie. Daardie doelgerigtheid en uithouvermoë sal ek altyd as 'n voorbeeld gebruik. Hulle ongelooft was duidelik toe ons by die afgespreekte plek weer bymekaar kom en vir hulle sê ons moet nog die buffel gaan oplaai.

Piet was 'n mens-mens. In al die jare wat ons saam deurgebring het, die honderde ure se saam ry, die nagte in die kamp, die dae op die boot...Piet het nooit 'n slegte woord van enige iemand gehad nie ongeag sy minder lekker ervarings. Hy het geen bitterheid of kwaad getoon nie en skinder was 'n absolute nee.

Die waardering en intense liefde vir Afrika was 'n uitstaande kenmerk. Piet se verhouding met sy jarelange vriende en werkers, sy waardering en liefde vir Marlene, sy kinders en kleinkinders, sal altyd uitstaan as 'n navolgenswaardige eienskap.

Om 'n vriend soos Piet te kon hê om al ons gemeenskaplike liefdes en belangstellings te kon deel, is 'n kosbare kleinood wat ek vir so lank ek lewe na aan my hart sal dra.

Saam het ons op die spore van groot wild geloop. Saam het ons in "blinds" gewag vir die gevaarlike katte. Saam het ons elke nuwe spesie gesoek. Saam het ons kransduiwe in die sonneblomlande geskiet. Saam het ons watervoëls in die snerpende koue van die Hoëveld voorgesit. Saam het ons jaghonde geleer om voëls te bring. Saam het ons uit op die geliefde Zambezi rivier tiervis gevang. Saam het ons drome gedroom oor die toekoms. Saam het ons ure in Afrika gespook met gebreekte voertuie en sleepwaens. Saam het ons teleurstellings en verandering van reëlins in Afrika ervaar en moes ons terugkom met leë hande. Altyd kon ons darem 'n tiervis vang op ons terugtog en altyd die beste van 'n saak maak. Saam het ons op die see gevaar en groot visse gevang vir die kompetisies.

Bo alles, saam kon ons die wonderwerke van God se liefde vir die mens ervaar en gesien. Ons kon die ervaring van Sy werke in ons lewens deel en vir ure luister na geestelike musiek wat ons siel kom voed. Saam kon ons stil word voor Hom wat dit vir ons moontlik gemaak het om so 'n vriendskap te deel.

Piet Smit is nou by sy Hemelse Vader en ek weet sy grootste begeerte is om ons almal eendag daar te ontmoet. Dankie my vriend vir wie en wat jy was, dankie Marlene vir die wonderlike eienskappe as vrou waardeur jy vir Piet onbaatsugtiglik die geleentheid geskep het om al sy lewensliefdes ten volle te kon uitleef en hoe jy hom bygestaan het deur sy siekbed tot die einde. En dankie Here dat ons vir Piet as vriend kon gehad het.

Sy nagedagtenis sal ons altyd by bly.

Bines Schoeman

vervolg op bladsy 6





Tanzania toer 1999. Piet maak 'n plan oppad na Arusha om te help.



Arusha ontbyt voor vertrek na Ngorogoro Serengeti – Inkoma jaggebied. Links na regs: W.P Wessels, Piet, Johannes, Hendri, Bines en Istvan ons gids.



Baie suksesvolle dag. Piet, Johannes, Tanzaniese scouts. Hendri en W.P. se Buffels



Tanzaniese Buffel, doringtakke het bloed veroorsaak. Piet se buffel



Bines, Piet, Johannes, driemanskap bewonder die Ngorogoro krater



Piet kan nie oor die brug van die Zambezi rivier by Chirundu ry sonder om die middag op sy geliefde rivier Tiervisse te jag nie.



Elke keer as ek 'n gans daar hoog sien vlieg of 'n kransduif sal ek aan my vriend Piet dink



Piet en dogter Liesel met res van geselskap oppad na Bangweula en Kafue flats.




Piet met 'n Tseesebe



Bangeulu oppad om in Machan te sit vir Siatunga



Laaste 2 buffels wat Piet self geskiet het, Luangwa Noord



Grootdraai dam tussen die voëlskiet. Makou hart as aas.



Swartwitpens na 2000 meter se bekruij



Die meester besig om katte kos voor te berei. Dit word toegemaak teen die ongewenste aasvoëls.



Jopie en Karl se bok

Abel Botha

Die Zimbabwe waarin hierdie storie gebeur het, bestaan nie meer nie. Troppe elande soos ons met ons eerste besoek daar aangetref het, sal jy nie weer daar sien nie en van die plaasopstal en opset het niks oorgebly nie. Die eienaar se vrou werk nou by Lion & Elephant en die eienaar self huur veraf 'n ander stuk grond. Die verwoesters het oorgeneem

In hierdie storie se tyd was dit anders, so 'n paar jaar gelede, so ek sal die storie ver moet gaan haal om by die begin te kan begin, jy kan maar sê om redes en verskonings ens. te probeer bymekaar maak vir Karl en Jopie. Want ons het mos die slag daar in Zimbabwe gaan elande jag – “ons” bedoelende Karl, Jopie, Henk, Johan Rondevoet en ek, met Karl en Henk se seuns Bennie en Werner wat ook saamjag en Jacobus wat nog nie groot genoeg was om groter goed as wat hyself is, te mag jag nie. Sondag kom ons op die plaas aan, Sondagmiddag wys die boer ons die kampe en grense, en Maandagoggend begin ons jag. Die boer laai vir Karl en Bennie sewe uur die oggend af, en kwart-oor-sewe lê die groot blou bul. Karl se jag was net vyftien minute lank! Dinsdagoggend, toe daar vier elande hang, sê die boer se vrou “You are VERY lucky!” Woensdagmiddag, toe daar ses elande en 'n kameelperd se vleis hang en lê dat daar nie meer 'n hol ding of 'n oop plek vir vleis is nie, sê sy “No, you are not lucky, you are HUNTERS!” En alhoewel ons haar verseker het dat ons rerig maar net “lucky” was, het dit gemaak dat ons miskien dalk maar 'n bietjie oor-selfversekerd was toe ons twee jaar later weer daar gaan jag.

En dit bring my by ons storie. Twee jaar na bogenoemde jag gaan ons toe in twee groepe op - Ek en Jopie en Jacobus en Karl en Bennie en Ouboet Gerhard en sy seun Gerhard die eerste week, met Henk hulle die tweede week. Die naweek tussenin sou ons dan saamkuier. Maar oormoedig - ons koop sommer sakke speserye en kanne asyn en worcestersous - als wat ons die vorige keer te min saamgevat het en by die boer moes oorneem. En ons maak net planne hoe ons hierdie keer al daardie elande gaan bewerk. Karl het pas 'n 416 Rigby gekoop en hy is net lus om hom te doop met elandbloed. Op pad soontoe sien ons die veld is groen - lekker gereën, maar net tot so dertig kilometer duskant die plaas. Die plaas self is dor, maar ons bly oormoedig. Totdat ons begin loop - en elandspore is so skaars soos hoendertande. Daar is eintlik net die mopaniestrook aan die noordelike grens van die plaas wat 'n groenigheidjie het met, soos ons nou later die spore leer ken, net ses elande wat in en uit die plaas beweeg (dit is 'n “oop” plaas, m.a.w. nie met wildwering omhein nie). Meer uit as in, kom ons later agter. Ons sien die hele week net een eland vir omtrent ses millisekondes – 'n jong bul wat ek Maandagmiddag plattrek en goed doodskiet dat ons darem iets het (ek hou aan skiet totdat hy bly lê!). Ons loop daardie hele plaas plat - maar daar is nie nog 'n eland op daardie yslike grote plaas nie. Ek help naderhand loop (al het ek my eland) uit medelye vir die ander ouens se seer voete. En die manne is LUS - lus om 'n sneller te trek en almal loer al meer na die groot kameelperd. Woensdag is Ouboet slim genoeg om 'n kameelperd te skiet (maar kameelperd is 'n storie vir 'n ander dag) sodat hy darem ook (baie!) vleis het.

Intussen help Jopie en Karl vir Jacobus soek na 'n rooibok. Jacobus het vroeër 'n vark geskiet en wil nou met alle geweld 'n rooibok plattrek. Dit was Woensdag of Donderdag dat hulle met die ryery na die jagveld skielik op 'n groot trop rooibokke afkom. Daar word bekruip en gekorrel en Jacobus skiet - maar die 308 is nog 'n bietjie groot en swaar vir hom en dis mis. Intussen het die LUS by Karl heeltemal hande uitgeruk, en toe die rooibokke begin maal, laat waai hy, 410 grein loodkoeël en al. Jopie soek nog om te sien of Jacobus nie iets raakgeskiet het nie en toe Karl die effek van daai tamaaie koeël sien, sê hy “O (groot woord), kyk daai ding se derms hang uit!” Jopie, wat nog met Jacobus se bok in sy gedagtes spook, kom tot net een gevolgtrekking : Jacobus het 'n rooibok gekwes, en hy laat waai na die arme rooibok met 'n 300 gr .375 sagtepunt. Die rooibok, om dit saggies te stel, kon hierdie laaste strooi nie verwerk nie.

Ek kom laatmiddag uit die veld uit. Van ver af sien ek dat Jopie en Karl iets aflaa en wegry kamp toe. Nou kyk, dit lyk darem baie verdag. Gewoonlik as iemand iets aflaa word rondgestaan en gekyk, en die ouens wat in die kamp is en die boer en sy vrou kom kyk en daar word 'n biertjie geknak om die stof af te spoel en so. Maar net wegry? Ek sien hier is 'n ding en stap nader - en

toe sien ek hoekom...

Op die slagplek se vloer lê 'n rooibokkie wat jy kan maar sê nog die bies om sy bek het so klein is hy - om die waarheid te sê sal hy dalk nie eers die minimum Rowland Ward afmeting vir 'n duiker maak nie - dis nou 'n blouduiker. En op sy blad is 'n gemors wat presies lyk asof daar 710 grein lood deur is - amper soveel as die 8 kg wat dit uitgeslag het!

SKIETUITSLAG: SKIETDAG TE TSHIKONDENI: 22 JANUARIE 2005

BRONS SKIETBALKIES

<u>LID NO.</u>	<u>NAAM</u>	<u>PERSENTASIE</u>
2859	Mariaan Rademeyer	62,2%
2437	Michael Rademeyer	63,3%
3525	Anton Gregory	71,1%
21173	Isak J Panther	68,9%
2177	Fredrik Eloff	68,9%
3375	M H J van Staden	64%

SILWER SKIETBALKIES

<u>LID NO.</u>	<u>NAAM</u>	<u>PERSENTASIE</u>
2175	P W du Rand	84,7%
2534	Johan van Rensburg	82,2%



Impala



Heindrich du Preez met 'n Rooibk



Rudie en Johann Bennet met ongediertes



Rudie, Johann en vriede in WTVI



Heindrich met bospatryse



Impala



Kobus Joubert met 'n Rooibok



NW Ligthelm met 'n Luiperd



P de Beer met 'n bobejaan



P de Beer met 'n vark



André Le Grange met 'n Willie



Brenda Coertzen met 'n Eland



Impala



Wallie van Dyk met 'n blesbok



Abel Botha met 'n Rietbok



Wallie met 'n Rietbok



Jopie Botha met 'n Rietbok



Jopie en Karl met Blesbokke



Karl Osmers met 'n Rietbok



**CHASA BEKWAAMHEID SKIETOPLEIDING: 11 TOT 13
FEBRUARIE 2005**

Lid No.	Naam	Theoreties	Prakties	Balkies
2566	Bennie Fogwell	70,25%		
H3539	Wouter Meintjes	74,75%		
2768	L van Eden	73,25%	62%	Brons
	S van Jaarsveld	82,75%	62%	Brons
	A van Jaarsveld	79,25%	60%	Brons
	P C Fick	91,5%	64%	Brons
2177	F C Eloff	90,75%	68,9%	Brons
3018	P Botha	89%	75%	Brons
3202	S Hoogenboezem	87,5%	62%	Brons
2151	W H Knox	87%	66%	Brons
S3228	M L C Odendaal	85,75%	91%	Goud
	F Uijs	83,5%	77%	Brons
	K Visagie (CFPJ)	80,5%	71%	Brons

**Oor onthou waarmee ons besig is en so
Abel Botha**

Hierdie is eintlik Frans Roos se storie, maar aangesien ek hom laas toe ek hom gesien het gesoebat het om die storie te skryf en hy nog nie reageer het nie, gaan ek dit nou maar vertel soos ek dit kan onthou - dis te 'n goeie storie om verlore te gaan! Frans moet ook maar verskoon as al die feite nou nie so honderd persent reg is nie en ek so bietjie ingekleur het en so.

Dis 'n voorsit storie die, van kennis van Frans wat bietjie vergeet het waarmee hulle besig is, of waar hulle oppad heen is - iets wat die Bosveld jou mos nie altyd vergewe nie. Die kennis van Frans moes naamlik vir 'n gemeenskaplike vriend wat 'n plaas het, 'n bietjie gaan land oppas en die koedoes wat so 'n verpesting in sy aartappelland is, 'n slag of wat goed skrik maak. Langs die land staan daar toe, asof uitsluitlik vir die doel, 'n yslike kremetartboom wat 'n uitstekende voorsitplek blyk te wees. Koedoes kyk mos nie maklik op nie en die wind is ook nie so 'n faktor as jy doer bo in die takke sit nie. Die manne bou toe 'n oop platform hoog bo in die kremetartboom en is laatmiddag met 'n leer teen die stam uit. Hulle was gewapen met genoeg vloeibare proviand vir hulle en as 'n man met normale kapasiteit die saak so kon bekyk, was daar eintlik genoeg proviand vir die hele trop koedoes ook. Soos die nag vorder het die manne dit hulle erns gemaak om te verseker dat daar nou nie dalk iets oorbly aan die einde van die nag sodat hulle weer met 'n klomp oortollige proviand teen die leer moet af ondertoe nie. So af en toe het die man met die lig darem so 'n slag oor die land geskyn om te kyk of die koedoes nog nie opgedaag het nie.

Een van die manne was so 'n groot kêrel met 'n nog groter mond om by sy ander proporsies te pas. Terwyl die manne so deur die nag skouer aan die wiel sit met die proviand, begin die man se prestasies uit die verlede en die wat nog in die toekoms gaan gebeur, ook toeneem in voortreflikheid namate hy sterker en dapperder word, van die proviand nou. Alles natuurlik in fluisterstemme, want koedoes het goeie ore. En hoe later in die nag hoe meer sissender word die gefluister, sodat die koedoes swaerlik later moes gedink het daar is 'n mamba-nes bo in die kremetartboom.

Dit moes so ongeveer hier by drie-uur die oggend en 'n goeie 80% deur die vloeibare proviandvoorraad gewees het dat die ligman weer 'n slag oor die land skyn en daar skielik die gestalte van 'n reusagtige koedoebul in die lig vorm aanneem. Voordat almal se verstande nog kon interpreteer wat die oë sien (wat natuurlik nou nie so vinnig kon gebeur as normaalweg nie), klap die groot kêrel se skoot en die koedoe slaat in sy spore neer.

Terwyl die manne daar op die platform hoog bo in die kremetartboom hom op die skouer klop om geluk te wens met sy vinnige reaksie (ten spyte van ...) en goeie skoot, stap die groot kêrel toe mos reguit aan koedoe toe

Soos ek sê, mens moet maar altoos onthou waarmee jy besig is en waarheen jy oppad is. Veral ook moet jy onthou waar jy is - en miskien net seker maak dat jy al op die grond is - vóór jy na jou koedoe toe begin aanstap! Frans sê dis nou een slag waar dit goed was dat iemand vol vloeibare proviand was - as dit nie daarvoor was nie, het die groot kêrel hom swaerlik doodgeval!

DIE KOEDOE MET DIE GLASBAL

Nee ek is nie bygelowig nie en glo nie in goeters soos sieners ens. nie. Wat egter hier volg laat om die minste te sê, hoendervleis uitslaan as ek net daaraan dink.

In die begin van die 1999 jagseisoen het ek my skoonpa gaan help met jagters op hulle plase in die Alldays/Swartwater omgewing. Ek het een jagter aan my toegesê gehad wat op soek was na 'n trofeeul (koedoe). My swaer het my vertel van die oupa van die koedoes wat hy toe al by verskeie geleenthede te sien gekry het op 'n spesifieke plek op die plaas (digby 'n koppie in 'n sloot). Snaaks genoeg het hy die bul elke keer gekry as hy nie naby 'n wapen was nie of besig was met iets soos die herstel van die draad en dan nie 'n wapen aan hom gehad het nie.

Nou kyk, toe moes die rooi ligte al begin flikker het. Nie omdat dit my swaer is nie, maar hy is een van daardie ouens wat nie nog probeer skiet nie, hy kan skiet. Ken die anatomie van enige spesie op die punte van sy vingers en kan vir jou die lengte van horings gee op enige afstand, nooit verder as 'n paar millimeter uit nie. Dat die bok hom elke keer gewys het as Bertus nie 'n wapen byderhand gehad het nie moes my al iets van die bok gesê het. Ek het egter die ou stemmetjie se bek stil gemaak en het met die jagter 'n strategie uitgewerk wat gegrond was op wat Bertus waargeneem het van die bul.

So is ons dan die eerste dag (Donderdag) die oggend nog voor die hoenders wakker is, weg die plaas in en het ek die bakkie ongeveer 1½ kilometer van die sloot en koppie waar die bul boer gelos (wou mos nie kanse vat nie). Die bakkie is goed weggesteek en was nie sigbaar as jy die pad afkyk nie, nie eens van die koppie af met 'n verkyker nie.

Ek ken die gebied goed en het derhalwe die leiding geneem en is ons toe reeds lank voor eerste lig in 'n baie gunstige posisie om die bul by te kom sou hy homself wys. Dit was nog te donker om enige noemenswaardige tekens op die grond te lees maar ek was vol vertrouwe dat ons vir ta sou kry.

As die jagter dalkies wou rooibokke, varke of enige ander koedoes geskiet het was ons voor 8 alweer terug by die huis maar hier teen so 13:00 het hy my daarop gewys dat ons vrugte en water op was en dat hy nou al begin dun word het.

vervolg na bladsy 14



vervolg vanaf bladsy 13

Ons is derhalwe daar af en terug bakkie toe waarna ons huis toe is. By die kamp het ons afgespreek dat ons 15:00 sal terugkeer en dan sal wag vir die bul.

Met ons terugkeer na die koppie toe kry ek toe mos mooi die enigste bul se spore bo-oor ons s'n wat teruggekeer het bakkie toe. En dit was inderdaad 'n mooi groot bul gemeet aan sy spoor. Ek wou nie die jagter se hoop verydel nie en ons het toe maar daar gesit tot lank na donker. Weer het ons alles gesien behalwe dit waarvoor hy daar was.

By die huis spreek ons toe af om die volgende dag al ons kos en noodsaaklikhede saam te neem en dat ons nie sonder die bul sal terugkeer nie. Die volgende oggend is dieselfde tyd vertrek, die keer net met kospakkies en alles saam en het ons die hele dag daar vertoef. Baie wild gesien maar nogtans niks geskiet nie en het die bul homself nie gewys nie.

Saterdag oggend vroeg weer dieselfde program. Ek het my herlaaibare "spotlight" by my gehad en jou waarlikwaar. Daar sit sy spore mooitjies bo-oor ons s'n van die vorige aand. Kyk die klokke het al soos Notre Damme s'n begin lui in my kop toe ek dit sien, maar ek het niks vir die jagter genoem nie en het maar weer saam met hom gaan sit en wag.

Hier teen so 15:00 die middag sê die jagter vir my dat ons nou maar moet erken dat die koedoe ons ore aangesit het en dat ons maar moet oppak. Op pad terug bakkie toe sien ek onder deur die digte bos bene van koedoes en bekruipe ons hulle. Hy skiet een van die groot bulle (49") en is toe darem tevrede weg op die plaas. Die volgende oggend eerste lig is ek terug koppie toe en kry ek wat ek verwag het maar gehoop het om nie te sien nie, Ta se spore mooitjies oor ons s'n van die vorige middag.

Nodeloos om te sê dat die koedoe bul die jaar nie geskiet is nie. Selfs nie Bertus met sy trofee jagters kon daarin slaag om die bul neer te sit nie.

Die volgende jaar (2000) help ek my skoonpa weer met 'n groep jagters. Een van die jagters het 'n heupvervangingsoperasie ondergaan en kon derhalwe nie loop nie. As 'n reel skiet ons nie van 'n bakkie af nie maar die vergunning is vir die omie van Mopanie in die Musina distrik gemaak. Nadat al die ander jagters en gidse afgelaai is ry ons toe met een van die paaie in die plaas op pad na die middelpad wat dwarsdeur die plaas loop. Ek klop op die dak toe ek die koedoe bul sien, die einste bul; wat my so uitoorlê het die vorige jaar. Ek wys vir die oom waar die bul vir ons staan en kyk sonder om 'n poging aan te wend om te hardloop en sê vir hom dat dit beslis die grootste bul op die plaas is en dat hy gelukkig is om so 'n maklike skoot op die bul te kry.

Die oom reik na vorentoe en haal sy geweer van die skietrak af. Met een geweldige geraas voeter sy hele magasyn uit en al die patrone val op die bak neer. Ek duik af en tel die patrone op, toe ek opkom en kyk sien ek die bul staan nog net waar hy was en kyk vir ons. Ek probeer die oom help om sy geweer weer aanmekaar te kry, sonder enige sukses. Die bul het na 'n rukkie omgedraai en met een laaste kyk in ons rigting die bos ingestap.

Ek is seker as die bul enige emosie kon toon dit 'n siniese glimlag om sy lippe gehad het toe dit die bos ingeloop het. Die oom het aan my gesê dat hy al jare jag en dat dit die eerste keer is dat so iets met hom gebeur. Ek wou niks sê nie maar was seker dat daardie geweer reg was want ons het dan kort voor die gebeurtenis nog die gewere op die skietbaan ingeskiet om seker te maak almal sal sekuur kan skiet.

Nodeloos om te sê, die bul is die jaar en die daaropvolgende jare nie geskiet nie en sover ek weet is Ta nog steeds op die plaas. Ek sal net graag wil weet waar hy daardie glasbal van hom bêre.

"CLASSIFIEDS"

Slegs R25-00 om te adverteer in hierdie spasie
(Maksimum 35 woorde)
Kontak vir Marius by
(015) 2915923

Advertensies

Volblad kleur	R1000.00
Halfblad kleur	R500.00
Kwartblad kleur	R250.00
Volblad swart en wit	R500.00
Halfblad swart en wit	R250.00
Kwartblad swart en wit	R150.00
Opstel van advertensie	R100.00



IN WAFFER OOG.....?

Ek wil vertel van my ou maat. Japie, het ons vir hom gesê. En ek bring hulde.

Hy sê vir my Gjêrkie. Dan rek hy die ê so lekker lank uit dat dit Gjêrkie word soos net hy dit kan sê. Maak nie saak of ek los oor die ses voet staan en die arme skaal op 200 pond trek nie. Gjêrkie is dit, so of ek klein is. Maar ek is eintlik Gerrit, en dit waarvan die Gjêrkie kom. Aan die anderkant weer, sê ek vir hom Japie, alhoewel hy eintlik Kobus is. So, dan is ons eintlik kwits, sê hy anderdag, want rêrige maters kan maar so verkeerd praat. In die bos, en om die vuur saans, of smôrs en smiddae tussen die bokke maak dit mos nou nie so baie saak nie. Ek weet mos wies ek en hy weet wies hy. En hy is Japie. Man van die veld, van die jag, van die ver vlaktes van die Noordkaap. Beste skut wat ek ooit 'n roer sien optel het.

En nou is Japie dood. Sommer laasmaand het hy doodgegaan van 'n siekte, en nou bly ons ander agter om die hele tyd hartseer te wees en te wonder hoekom dit nou juis hy moet wees. Ek is ook maar bly ek het hom nie die laaste maande gesien nie, want Lilian en die kinders sê hy was eintlik al dood lank voor hy rêrig dood is. Hulle sê hy het die hele tyd net so stil in die stoel bly sit en met die knipmes aan die stukkie biltong gekerf.

Niks gepraat nie, seker maar net gedink oor sy jongetyd en alles wat agter lê, 'n lang tyd, oor die sewentig jaar wat so agter hom gelê het waaroor hy kon dink. Seker ook gedink oor sy roer en sy verste skote. Moet oor sy verste skote gewees het, sou ek sê, want as jy kon skiet soos Japie kon skiet, sou jy ook plek gemaak het vir sulke skote in jou laaste dinktyd.

Ons lê een môre aan die kant van die operige vlak in Thabazimbi se bosse. Nou wei die rooihartbeeste so twee honderd en vyftig treë weg, wat ver is vir Thabazimbi, en daar is een bul, so 'n jongerige een wat draai en draai en toe reguit na ons toe kyk. Hy sien ons nie, maar Japie kyk vir hom deur die teleskoop, en toe sê hy vir my die ding wat ek vir altyd wil onthou. Hy sê:

“Gjêrkie, sê vir my, in waffer oog wil jy hê moet ek hom skiet?”

Ek sê maak maar links en hy sê nou maar goed, as ek so wil, dan maak hy so. En toe skiet hy. Later toe ons so om die bok staan en hy bekyk die gat waar die linker oogkas was lank en aandagtig, nes 'n vleisinspekteur dit sou doen, toe sê hy:

“Jammer mens kan nie sien of dit in die middle van die oog was nie.”

Die oom van die plaas is saam met ons, en hy het 'n baard soos Oom Paul s'n, en hy pruim ook nes die ou president moes gepruim het. Maar nou hang sy mond heeltemal oop, so erg dat die bruin twaksop so hier in sy baard af verdwyn. En nie 'n woord uit sy mond nie. Die hele tyd kyk hy net vir Japie, so op en af, linksom en dan weer regsom. Naand los hy vir Japie, en toe is dit die bok se beurt om bekyk te word, weerskant, op en af, linksom, regsom. Toe Japie se geweer, so nouerige twee-sewentig met 'n skroop

Dit vat 'n lank tyd, en toe uiteindelik, met die twaksop so in sy baard, kry hy dit darem uit:

“Broer, waar kom jy vandaan?”

Ek kan nie onthou of hy toe vir die oom van die Noordkaap vertel het nie, het seker maar, want dis waar sy hart was. Reivilo, daar ver op die Ghaapse vlak, die Groot Plato sê hulle vir hom, waar dit droog is, altyd droog, en die bees maer en die skuld baie, en jy arm is, altyd arm. Sewe broers was hulle, en vier susters, en hy wat Japie is, die jongste. Kobus het hulle vir hom gesê, van Jacobus Phillipus Fourie af soos dit in die kerk boek staan. Dis van armwees dat hy leer skiet het, het hy my baie vertel. Dan gee sy pa hom vyf koeëltjies vir die ou BSA windbuks in die môre. As hy vanaand by die huis kom, dan moet hy vyf voëltjies of duiwe of goed saambring, of so nie, sê maar drie duiwe en twee koeëltjies, maar vyf in totaal was sy pa se wet. En as daar, sê nou maar, net twee koeëltjies oor was met net twee voëltjies?

“Oorlog, Gjêrkie, oorlog!”

Die volgende dag hou sy pa dan een koeëltjie terug, plus nog een vir straf. Want 'n kind van hom skiet nie mis nie, het die oukêrel gesê. Dus, net drie vir daardie dag, of die volgende dae, tot tyd en wyl hy weer volpunte het en hy dan weer een koeëltjie mag bykry. Die pad na vyf koeëltjies was lank en swaar, want die duiwe was wild en ver vir 'n boerkind wat klein is en nog boonop arm ook. Maar arm soos in kaalvoet tussen witklippe en vaalbosse en dan seker 'n paar donkies ook nog tussenin. Net nie misstik nie, gladnie, nooit nie. Jy is te arm om mis te skiet. Te trots ook. Of sê nou maar 'n Ingelsman vind uit.

Dis soos skiet is.

Later in Johannesburg werk hy by 'n Engelse plek en hy wil nie “Kobus” wees nie. Dan maar liever op sy voorletters genoem word, en “JP” word “Djy Pie”. Later toe ek hom leer ken, toe dag ek in my onkunde dis sy Engelse kollegas wat alweer verkeerd praat en “Djy Pie” sê in plaas van “Japie” soos 'n boerkind uit Reivilo tog moet wees. Dis hoe dit gekom het dat ek en 'n handjievol ander met verwondering in later jare van die naam Kobus gehoor het. Verkeerd, verkeerd, het al die ander probeer reghelp, dis “Japie!” Hoor julle dan nie!

Later word hy 'n hoghe baas en 'n ouderling en die voorsitter van die skool se beheerraad en nog ander vername goed ook nog, en so 'n man kan tog nie Japie wees nie. Kobus moet dit wees. Japie skiet in die bos, sê van die familie wat gekrenk is. Japie skiet in die bos ja. Maar eintlik skiet hy op die vlaktes.

Daar waar dit baie oop is, en die goed ver staan. Dan kan mens goed mik.

Daar was die skoot in Griekwastad, so 'n ent anderkant Kimberley, ook al lankal terug, toe vier van ons op so 'n vlakteleplaas van die vername kêrel aankom, so 'n ongeskikte jong vent wat 'n hele distrik vol plase by sy oorlede pa geërf het. Hy weet alles. Meeste van die tyd weet hy meeste van die meeste goed sommer vooruit ook. En dan het hy so 'n ongedrêste jagter by hom wat moet sê hoe en wie en wat en waar. 'n Professionele jagter met eksamens en papiere, hoor ons. So 'n blink knaap met lang hare tot hier op sy skouers en stewels en belde en 'n hoed soos 'n Cowboyprint. Die weet eers baie, maar veral van bokke en skiet en calibers en koeëltrajekte.

Terstond doop Japie hom die Silwer Sluiper, want hy het sulke blink onnodige studs oral op sy broek en baadjie, seker maar vir die wis en die onwis as daar van die ander afbreek of wegraak. En dan nog die ystergespes aan sy baadjie, ook seker om te keer dat van sy goed nie uitval nie. Handig ook sou dit kon wees met die baie rowers nou se dae in die strate.

vervolg na bladsy 16



vervolg vanaf bladsy 15

Vir eers luister ons aandagtig as hierdie Silwer Sluiper vir ons alles van alles uitlê, want volgens hom lyk ons “oompies” uit Johannesburg maar bietjie bedremmeld en sal hy dalk moet kom hand bysit dat ons darem ‘n stukkie springbokvleis kan huis toe vat. Hy praat lank. Sê ook van sy papiere en sy eksamens. Sy ongeskikte baas sê ook dan en wan ‘n ietsie. Meestal sulke brommerige opmerkings oor “julle oompies” wat dit nie weet nie en dat nie doen nie, ens. ens.

“Nou maar raait, my Oompies, klim, laat ons in die veld kom!”

Hulle twee vòòr en ons ander agter op die Silwer Sluiper se fênsie bakkie, ‘n ryding met hake en katrolle en bucket seats agter en ‘n swivel seat heelvoor op die modderskerm waar ‘n skoongeskropte en aangetrekte Griekwa, verkyker om die nek, ook plek inneem. Dis net spaarwiele waar jy kyk, sulke dik vettes, oral vasgebout, jy sou sweer ons in ‘n sandwoestyn vol dorings. Binne is dit net ghêrs en knoppe en voor net ligte en sulke stampysters aan die bumpers. Maar daar gaan ons. Sommer gou-gou kry ons die eerste troppie springbokke wat, snaaks genoeg, nie sommer dadelik aan die hardloop gaan nie. Hulle is so drie honderd treë ver.

“Daar’s hy, my Oompie!”

Die Silwer Sluiper praat met Japie en beduie hy moet hier by die vaalbos afklim.

“Wag jy nou net hier, ons ry diekant om en as hulle nou hier uit die vlak opkom, lekker naby genoeg vir jou, dan probeer jy maar, my Oompie, vir wat dit werd is. Stefaans hier, en wys na die Griekwa, “sal jou wys watter ramme is. Soek vir jou ‘n paar lekker grotes uit.”

Met dië stamp hy en die ongeskikte plaasbaas mekaar so in die ribbes en lag hulle lekker saam vir hulle eie grapperighede.

Japie sit sy hand bokant sy oë en tuur stip in die rigting van die troppie.

“Alman ramme” is sy kommentaar. “As julle so om ry, hoor hulle julle en hol dalk anderkant toe.” Dit lyk of Stefaans met hierdie stelling akkoord gaan, want toe hy knik, het die Silwer Sluiper ‘n nuwe plan.

“Nou my Oompie, hoekom probeer jy nie sommer hier van die vaalbos af nie?”

Hy en die plaasbaas pomp mekaar weer met die elmboë. Toe maak hulle sulke grynslagte. Jy sien net tande.

“Kan ek maar probeer?” Japie moes dit nie gesê het nie, want toe lag hulle eers.

“Maar sekerlik, my Oompie, sekerlik. Kies vir jou die grootste een uit.”

“En dies op die huis!” laat die plaasbaas val. Nog meer elmboë en gelaggery. Hulle is op hulle heel snaaksste as my ou maat plat op sy sitvlak op die grond voor die bakkie gaan sit en versigtig sy ou Twee-sewentig oor sy linker knie begin staanmaak. Die ou slaphoedjie word so bietjie hoër geskuif, die voete mooi vas geskuif voor hy aanlê.

Die Silwer Sluiper maak grootoog as hy vir Japie bekyk, slaan met sy hande op die stuurwiel en lê eintlik vooroor soos hy lekkerkry. Ons ander sê niks, want ons weet mos wat gaan kom. Vooruit, weet ons.

Toe die skoot klap, syg die bok net daar neer. In sy vier spore. Ons kyk nie vir die bokke nie wat so vyftig treë verder gaan staan nie. Ons kyk vir die Silwer Sluiper en die plaasbaas. Lekker kyk ons. Hulle laggery hou net vir ‘n oomblik op want hulle verstik eers ‘n bietjie. Toe is dit:

“Dissy, my Oompie! Dissy!” en ook nog: “Maar kyk so ‘n oompie. Wat van nog so ‘n gelukskootjie! Toe my Oompie, nog een, en dan is altwee bokke verniet en op die huis!” Nog meer laggery.

Japie sê nog steeds niks nie maar bring net die geweer op teen sy skouer. As die skoot klap, val die tweede bok nes die eerste een. Ons begin hou van die konsert hier voor ons in die bakkie. Die twee van hulle verstik nou heeltemal in hulle eie gelag, seker maar hulle spoeg wat opraak.

“Daar’s hy, my Oompie!”

“Wat van nog enetjie?”

“Sê jou wat, Oompie, nog een en jy kry hom ook verniet.

“Fair is fair, Oompie. Jy kan nie nou kleinkoppie trek nie”

“Wed is wed!”

Maar nou is die bokke nog so ‘n veertig-vyftig treë verder. Hulle trap-trap onrustig rond en ons begin wonder of ons ou maat die ding sal kan doen. Die twee knape voor in die bakkie lag nie meer vir die snaaksgeid nie, want dis sulke hees kugte wat ons nou hoor. Bitterbekke, min bravado, min spoeg.

Dis na die derde skoot en met die derde bok plat dat die plaasbaas en die Silwer Sluiper finaal stil raak.

“Klim!” blaf die ongeskikte een. “Jy skiet al my beste ramme weg!”

Dit gaan seker ‘n baie lang tyd vat voordat ek sal ophou van hierdie dag vertel. En elke keer kry ek lekkerder en raak ek liever vir my ou maat wat nou seker iewers in die Groot Jagveld sy lang skote inkry. Skote wat ver genoeg is dat hy goed kan mik.

Dan wonder ek ook baie oor die twee hovaardige hers van daardie dag. Hoe sou hulle ook ooit kon geweet het van Reivilo en die vyf koeëltjies en die baie arm wees tussen die wit klippe en die vaalbosse. Dit sou seker maar geneuk het, veral vir die Silwer Sluiper en sy broek vol studs en sy belde en sy Cowboyhoed daar op die Ghaapse vlak.

‘n Rêrige jagter het mos ‘n storieboek in sy kop. En as hy begin vertel en jy mooi luister, sal jy hoor hulle begin altyd eerste met die jaartal, dan die seisoen van die jaar, en na die seisoen kom die tyd van die dag of die stand van die son. Of andersom. Iets soos:

“Dit wat die jaar van die baie reën en die vrotpootjie onder die skaap toe alles gebeur het. Jan Smuts se tyd nog. ‘n Laatmiddag was dit lekker koud ook, want dit was Junie, en toe sien ons hom van die vlei se kant af, kom hy so aangery. So ‘n lang maere, en dan ‘n seun ook by hom. En drie perde. Dis van hòm wat ek wil vertel.....”

vervolg na bladsy 17



Nou vra ek jou wie in die wêreld wil nie graag verder hoor nie. Dieselfde met Japie. Dis nèt so 'n storieboek wat my ou maat in sy kop rondgedra het, met baie, baie bladsye, sonder einde. Maar daar was veral een storie wat ek dink 'n groter gehoor verdien: die een van die lang poep. En snaaks genoeg, hy begin in sy storie ook amper soos hierbo. So met 'n wye draai, breed aangevoer, jy sou sweer dis oor 'n saga van die volk, 'n oorlog of so 'n ding, dat hy so 'n ver pad loop.

Dis dieselfde wêreld waar die ding gebeur het, net bietjie verder, deuskant Douglas, vertel hy. Lekker gejaag die dag, sulke lekker lang ver skote, hoor ons, en die springbokkarkasse het sommer al vroeg die dag lekker lepel in die koelte gelê na die binnegoed uit is. En toe twaalfuur kom, toe braai hulle die lewer met uie en van die oorbly-pap van vroeg-die-dag. Maak alles eers deurmekaar warm in 'n ploegskottel, bietjie gerooes, maar watse skade kan dit nou maak? En hulle èèt.

“Gjêrkie, ons eet baaie! En ook 'n lang tyd vat dit, want op die Ghaapse vlak neuk dit maar met horlosies as mens eet. Dis nou hoekom ons seker maar in die oordaat sonde gemaak het.”

En dan gaan hy lank aan van hierdie springboklewer en die uie en die deurmekaar pap in die sous onder in die ploegskottel. Die van ons wat dit aanhoor, raak so honger ons wil opsluit ook so 'n pap-en- lewerfees prakseer, sommer dadelik ook. Hoe dit ookal sy, uiteindelik maak Japie klaar met sy storie van die etery en begin dan met die jag van die agtermiddag. Nog meer ver skote, van die ram met die dubbelhorings en van die twee ooie op die soutpan en hulle in die Chev-lorretjie agterna en nog meer en nog meer. Maar uiteindelik dan is hulle terug by die kamp en kan die eintlike storie begin.

Nou kan mens seker sien wat ek gemeen het met 'n storie met 'n breë aanvoer wat altoos darem altyd beterder is as van hierdie ou maer storetjies wat uit boeke kom. Soos ons die ding verder verstaan, het hy die aand by die vuur kom sit terwyl die ander manne nog iewers anders besig was. En dis net daar waar die bedompigheid op sy maag hom slaan.

Opgeswel en opgepomp, verduidelik Japie. Te vrêeslik. Toe dog hy by hom se self toe hy so omkyk en daar is niemand in sig nie, hoekom nie, dog hy. “Gjêrkie, dink ek, sal ek laat loop of sal ek laat loop? Ek kyk nog 'n maal so oor my skouer en toe laat loop ek met hom. My ou maat, maar toe knor hy darem met die wraak van die Galdeërs hier van onderaf buitentoe. Lêëkkker knor hy. En ek luister vir hom.

Ek luister hom mooi, want hy Maak 'n lied. Daars van Douglas se krieke hier naby wat naand begin stilbly het, want hulle hoor mos nou hoe 'n knor 'n lied raak. So 'n knor was dit. En dan nog. Hy hou nie op nie. Hy hou aan! Ken jy so 'n knor? Nee, ek kan sommer sien jy ken nie so 'n knor nie want in 'n dorp is nie sulke knorre nie. Hierdie man vat hom van die basviool af tot by die fynste vioolsnaartjie en die hele tyd speel hy hom soos 'n liedjie vir die konsert. Gjêrkie! Waar was jy!”

Ek dog toe so by my se self dis dalk goed dat ek nie daar was nie.

Maar nou in sy eie kryt stoei Japie onvermoeid voort. Hy wil nie gehinder word as hy van hierdie knor praat nie.

“Gjêrkie, my ou maat!! En ek luister vir hom. Hy praat of hy skoolbank gesit het.

So met 'n knopfluit soos van tortelduiwe op 'n laatmiddag. Ek kyk naand om of daar anders ook naby is maar daars nie anders nie. Net ek en hy, en ek sien sommer ek gaan hom nie stilkry nie, hierdie aand is syne.

Maar die man raak al meer aamborstig, heeltemal hees is hy later. Kompleet soos 'n toebors in die kroepwinter. En al die tyd luister ek vir hom.

Ek luister vir hom mooi. Hài! Sê ek vir hom naand toe hy nog steeds so aanhou grom en dit my voel of hy begin lyf kry. Hài! sê ek, maar jy's mos nie meer 'n poep nie!”

Hoe kan 'n man hierdie man vergeet? Hoe gaan jy die groot hartseer wegvat?

Die dag by die begrafnis toe Kleinkobus plekmaak vir die knipmes en die stukkie biltong tussen die baie blomme en die baie kranse op die houtkis voor sy pa so wegsak, toe weet ek vir seker nou huil al die witklippe en die vaalbosse van die Noordkaap sommer saam met ons ander hier in Wespark.

Hier is 'n paar e-pos briewe vanaf Dr Hannes Botha wat in Letabatak was en nou in Kanada. Hulle het al reeds in Letaba se nuusbriewe verskyn.

8/11/2004

Beste Abel, Jammer vir die stilte. Ek dink van my mail moes deurgegaan het na 'n ou email adres. Dis goed om te hoor dit gaan goed. Dis veral goed om te hoor die ouens leef gebalanseerd mby jag en jags- solank hulle net nie deurmekaar raak met die roers of die teikens nie! Man, ek moet jou tog vertel hoe beindruk ek is met my 300WinMag kaliber. Johan Holtzhausen het destyds vir my gesê dit is 'n uitstekende kaliber om mee te jag. Ek het nog nie een bok of dier geskiet wat nie soos 'n sak patats geval het nie. Nie eers een tree word getrap as die lood sit nie. Ja, ek het al weer twee bere - oeps! berinne- geskiet. Jy sien, dis nou presies waarvan ek gepraat het, -dit is van die deurmekaarrakery. Maar as die swart b.....m 7 voet hoog op die agterpote staan, tande klap en in 'n vreemde taal vir jou laat verstaan dat die 380lb lyf nog 'n ekstra duim wintervet benodig bo-op die bestaande 6duim, dan is daar nie tyd om die stert op te lig en te soek vir ivoor nie. En voor die ding dan kon versmoor in 'n onstuimige Botha besoedelde sooi-brand, het die 180gr voorkomende geneeskunde toegepas. Omdat daar toe nie 'n toevoeging tot my trofee kamer kom in die vorm van iets solieds nie, het ek maar besluit om haar vol te monteer. Ek het ook die voorreg gehad om tusse 'n pak wolwe te beland. Die oopte van die bospad in die gopse, met sonsodergang en natuurlik volmaan, het my genoeg geïnspireer om hulle te koggel. Vir omtrent 'n uur het hulle van weerskante af geantwoord op my roepe. Ek kon hulle hoor in die bos omtrent 40m van my af. Die alfa-wyfie aan die een kant was duidelik die duiwel in want ek het die trop in twee verdeel en ek het hulle jag vertraag. Die goed word amper so hoog en groot soos 'n leeuwyfie. Maar dit was my nie beskore om een te skiet nie. Die twee meisies het nou ook hulle algemene en boogjag en vuurwapenlisensies gekry. Ons het al ernstig saam gejaag- maar dis stories vir 'n ander keer. Abel, ek sit attachments aan van foto's van jag en van JJ se groot trout wat hy op sy eie gevang het(22.5lb met net 8lb lyn!). Janus se vis was n 18lb trout. Ek kon nie in hulle geselskap saampraat nie! Praat weer later. Groete uit 'n koel Kanada(-7C). Hannes

vervolg na bladsy 18



vervolg vanaf bladsy 17

12/11/2004

Abel, Hier is 'n "V-A-R-S" storie, soos Philip de Blanche sou sê. Die ys en sneeu kraak onder my en Tinet se wintertrappers. Hoe stadig en versigtig ons ook probeer om die almintige slu en wyse deer te uitoorle, voel en klink dit vir my of ons net tyd spandeer sonder om iets te vermag. In die verte hoor ons die de-doep klank van n suksesvolle jag. Tinet klop my op die skouer net om seker te maak dat ek dit gehoor het. Miskien moet ons tog maar in 'n boom gaan sit op 'n plank soos 'n luigat kanadees en droom tot 'n dier eendag daar kom plyn om ge"sausage"te word. Digby 'n duisend wilde ganse swerm laag oor ons om 'n laaste oog te gooi oor die slaapplek vir vanaand. Hulle gesels sonder ophou en ek kon sweer ek sien vir Niels Holgerson op een se rug! Hiert, hoe skrik ons toe die cayote(dis nou 'n jakkals) hom amper bepisp vir ons, en ek kon sweer hy gil sy naam is Mirre! Net voor ek my self heeltemal oorgee aan die ou TV stories herrinnerings, ruk die vaal beweging aan die kant van die ondeurdringbare bos my tot stilstand. Tinet loop my amper onder die sneeu in van agteraf. Die son is weg en lig is skraps. Ja, sy sien maar dis te ver om te weet wat. My verkyker vertel my dis 'n deer - lyk soos 'n groot ooi. Nee, sê Tinet dis 'n ram - sy het intussen lankal uitgevind my 30-06 se 10x50 teleskoop werk beter as die verkyker in die swak lig. Die bok staan vir omtrent 2minute na ons beweginglose afrikane en kyk en besluit toe dat die kol groenigheid op die bult deur ons bedreig word ten koste van homself en die oomblik toe hy beweeg gee dit ons die geleentheid om weer bloed deur ons bene te laat vloei. Ja, sê Tinet, sy wil skiet! Dis ver. Die bok beweeg uit die donker agtergrond tot op die horison. Hoekom Tinet alewig links aanlê kan net my eie pa verstaan. "Pa die geweer gly op die dooierus". "Korrel voor die bok en wag tot hy stop voor jy skiet!, en onthou om die sneller sag te druk." My hande met die verkyker begin te sweet in die yskoue -5C. Die slinkse ram stap ewe kordaat weg van ons af, steek vas, beklyk ons weer oor sy kruis en draai dwars om die afstand na sy maaltyd korter te maak. Die 30-06 bulder agter die 180gr aan en in die verkyker sien ek die winterwol 'n blink wasemwolk maak bokant die bok se bene wat vir 'n oogwink hemelwaarts wys. Doep- beaam die terugklank my vermoedens. Tinet kan kwalik haar opgewondenheid betuel. Sy gooi 'n dans wat iets is tussen 'n hotnotsriel en - vergewe haar asb- 'n indiaanse oorlogsdans! met byklanke wat weer vir ou Mirre laat glips in die verte. Hierdie keer het sy onthou om nie die geweer neer te laat val soos die keer met die blouwildebees by Daan Roux nie. Die donkerte is op ons. Tinet hou rigting na die bok toe. 220 lang tree tree ek af. Haar eerste kanadese bok het 'n gat aan elke kant bokant en net agter die blaaië. Ek gee haar 'n druk en trap 'n moedswillige diep spoor in die lang bloedvlam wat agter die ram op die sneeu lê, met die hoop dat ek eendag die durf en moed sal hê om my gewere vaarwel toe te roep as ek te lui is om hulle te loop soek! Op pad huistoe dans die "Northern Lights" in die lugruim ook van plesier. Vir 'n oomblik dog ek ek sien die suiderkruis. Groete. Hannes

20/11/2004

Beste Abel, Hierdie brokkie is net 3 ure oud. Neola sê "Dad, I think I had the buck fever". Ek glimlag in my mou as ek uit die hoek van my oog sien hoe sy nog steeds bewe soos 'n masbier met malaria. Die groot deer ooi lê agter op die trok en die halwe maan laat haar blinkgroot vertoon. Dit was een van my vinnigste, kortste en mees bevredigende jagte ooit. Die heel dag het die begeerte om Neola uit te vat vir 'n jag in my binneste gebrand. Ek kon sedert die laaste twee kere wat ek en sy die bosse en vlaktes op oom Hugo en tannie Lil Kohl se klein paradys gefynkam het, net nie haar afwagting, jagywer en onderdrukte teleurstelling oor onsukses, uit my gedagtes verdryf nie, veral omdat Tinet nou 2-0 voorloop. Toe die einde van my werkdag skielik, met nog 90 minute daglig oor, aanbreek, skarrel ek by die kantoer uit met 'n stink spoed wat die ontvangsdame met 'n beteweterige skimp vir 'n stukkie "tender loin" laat glimlag.

By die huis maak ek vir Neola en my bosbaadjie in 'n oogwink bymekaar. Die 300WinMag staan lankal gereed en spring amper van blydskap in my hande. Janus merk ewe jaloerskoel op dat dit lyk of Neola die lotto gewen het. Ook hy het die adrenalen geproe die week vantevore toe die moosebul ons uitoorlê het, en kon hy amper indink wat nou vir sy sussie voorlê, en ek weet dit kos mannemoed om nie te pleit om saam te gaan nie. Dit is amper donker toe ons die 20km op die ysige grondpad verorber het met die trok. Die beksmoeler konsertinahek staan styfgespan van die koue op die kant van die plaas. Heeldag al roep die groot oop opge-yste moerasleegte met sy groen kolle winterlower in die sneeu my in my gedagtes. Anderkant die hek bekruipe ons gespanne die doodsakker. "Wat's daai" fluister/vra Neola. Trots, maar tog ietwat girriteerd omdat sy die bok voor my gesien het, wys ek vir haar om laag te sak terwyl ons in posisie skuifel op die kant van die "buckbrush". Die verkyker vertel vir my in die yl lig dat die groot ooi ons lankal stip staan en beklyk. Haar lang wit kwas piets orustig heen en weer na onwaarsynlike ysinsekte. Onkieskeurig oor die geslag van die bok lê Neola aan vir die skoot. Die geweer lê mooi stil op die dooierus wat ek saamgedra het- maar Neola se heftige stoomtrein asemhalings laat my eers die brieke aandraai vir 'n vlugtige kalmeersessie. Gelukkig het dit die bok ietwat onrustig laat dwars draai. Teen 2900 voet/sekonde kraak die wlamgat die 180gr deur die ysige lug. Dis donker. Die doep van die raakskoot laat my opgewonde opspring. Aan die anderkant van die oopte, 210 lang tree ver, lê die ooi witpens bo en skop met die skoot hoog, deur die rug. Neola is by my en bewe soos 'n stom baskitaarsnaar. "Dad, I think i had the buckfever!" giggel sy en ek weet sy is gehoek vir altyd- veral toe sy, wie nooit eers aan rou vleis wou raak nie, ywerig die bok se buik help oophou om die ingewande vir die ewige hongerige ou Mirre te los. Die groot piesangmaan skynloer met 'n beteweterige glimlag van genoegdoening oor die boomtoppe vir ons onmeetbare blydskap oor haar eerste bok. Ek wonder altyd hoe is dit in die jagtershemel as dit so lekker is op die jagtersaarde! Jagtersgroete. Hannes Botha.

Abel, so van die os op die jas, ek beplan 'n arktiese wolfjag in Maart 05 by Mackay Lake lodge in die Northwest Territories naby die noordpool. Dis aan die einde van die arktiese winter waar die wolwe agter die caribou aan is vir kos. Ek hoop die foto attachments van dieselfde plek waar ons in die somer visgevang het kom deur op die e-pos. Soek hulle op op die net vir meer interessante info. Groetnis, Hannes

29/11/2004

Abel, Hier is nog 'n kort storie. Wat's dit? Voor hy kon keer, lê die stuk nersderm klouerig oor Janus se skouer en stoom in die ysige koue. Dit sal hom leer om meer respek te toon vir sy jagleermeester. Natuurlik het dit hom plesier verskaf om ALMAL te laat weet dat ek ook na al die jare ook nog aan die ewige onbehandelbare bokkors ly. En dit net oor ek vergeet het om die veiligheidsknip van die geweer terug te druk voor ek skiet. Ek sal moet harder werk aan die "not to talk about" hoofstuk uit die jagboek, dink ek by myself. Dis toe hy grillerig staan en toekyk hoe ons die moosebul afslag in die halfdonkerte, dat ek die einste hoofstuk se praktiese toepassings implementeer met die hulp van die deel van die bok waarmee ons pofadders van maak. Ek hou toe maar die lewer alleen want die nersderm gedeelte van die pofadder eindig toe onwillekeurig in 'n Alberta wilderoosbos toe Janus dit weg skiet van sy skouer af. "Maar Pa, hoe het jy geweet daar is 'n bul wat die koei gaan volg?" Die lisensie wat ek het was vir 'n bul, en ons het soveel moosekoeie en kallers gesien in die laaste 2 weke dat ons al amper moed opgegee het elke keer as ons 'n koei gewaar het. Jy moet mooi kyk hoe die koei haarself gedra, probeer ek aan Janus verduidelik. Die manier waarop sy oor haar skouer terug in die bosse gekyk het het die bul verkap. 'n Kalf sou by haar gebly het, maar die bul is 'n regte ingelse jintelman wanneer gevaar dreig en sal eers non-chalant wag dat die ander geslag die gevaar toets voor hy homself blootstel. "That makes sense" respondeer hy, en ek weet dat die eintlike les oor geduld en afwagting tog maar eers later sal inslag vind met praktiese ervaring met sy eie jagte.

vervolg na bladsy 19



vervolg vanaf bladsy 19

Hopelik sal hy hierdie dag onthou en ook sy geweer veilig maak op die laaste nippertjie. Ja, die moosebul is omtrent 18 maande oud en weeg 300lb uitgeslag. Die eerste skoot se 2 gate sit hoog deur albei longe en die tweede skoot se gate sit digby die eerste en het die rug gebreek. Weereens het die 180gr van die 300winmag die minimum skade veroorsaak. Die tweede skoot was sekerlik nie eers nodig nie, maar ek het vir 'n oomblik getwyfel toe hy nie val na die eerste nie, wetende dat ek my gat afgeval het op die ys 3 dae vantevore met dieselfde geweer. 'n Onwillekeurige dankie aan Vion Kruger wat altyd se dat 'n goeie teleskoop en goeie ringe hierdie einste bekommernis onnodig maak. Die jaggogga het Janus nou ook behoorlik beet en ek het heeltemal te min tyd om die 10-jarige se energie en sintuie te ewenaar en dit is 'n plesier om waar te neem hoe hy die natuur ervaar en geniet. Die ewige realiteit van wolwe en bere is al wat hom nog keer om vry te gallop. Laastens, aan my jagtersvriende in SA, 'n kort boodskap van erkenning:- julle hoef geen tree terug te staan in die wereld oor julle kennis en vernuf van jag nie. Inteendeel julle staan UIT bo die ander. Ek sien die produkte van ander lande hier in Kanada, en ek is trots om julle te kan vergelyk met geen eweknie te vinde nie. Maar ek moet bieg dat die opregte Kanadese jagters is edel van inbors en het 'n passie vir hierdie pragtige land se natuurluwe wat 8 maal groter is in oppervlak as SA en hulle ruil graag jagkennis en ervaringe uit. Die biltong resep kon hulle nog net nie uit my kry nie, ook maar net omdat ek oom Freddie Hirsch se geheime nie wil verklap nie! As hulle sou uitvind sal ek seker eendag vir lewendige beeras gebruik word. Groete. Hannes Botha.



André Le Grange met 'n Springbok



Karl Osmers met 'n Rooihartbees



Abel met 'n Rooihartbees



Abel Botha met 'n pronk Springbok



Denville Ingram met 'n Rooibok



Kyk hoe lyk die kalahari





SAFARI

GOUDSTRAAT 47
LABORIA
PIETERSBURG
POSBUS 235
LADANA
0704

TAXIDERMIE | TAXIDERMIE

47 GOUD STREET
LABORIA
PIETERSBURG
P.O. BOX 235
LADANA
0704

TEL: +27 15 293 2674/5
FAX: + 27 15 293 146
E-mail: plss@mweb.co.za
Website: safaritaxidermy.co.za

